

Kerslieddiens 7 Desember 2014 09:00

Verteller 1 in Rooi

Verteller 2 in Blou

Liturg in Groen

Reël vooraf:

- Voorlesers
- Genoeg persone om die papier by elke rondte van die geskenk af te haal
- Die toegedraaide geskenk met al die verskillende lae in regte volgorde
- Deelnem pakkies vir die kinders waarmee hulle kersversierings kan maak tydens die kerslieddiens. Dinge soos roomysstokkies, pypskoonmakers, karton ens. werk goed.

Voorafspel: Orrel

Koor: Lui klokke, klingelingeling

Verhoog is leeg. Daar staan slegs 'n groot geskenk in die middel van die verhoog wat pragtig toe gedraai is.

Liturg steek die Adventkrans se kerse aan.

Vir baie kom Kersfees slegs een keer 'n jaar,
maar die boodskap van dié vreugdefees is elke dag waar.

En terwyl die geskenkpapier gekoop word en die kersliggies word afgestof
Weerklink die verhaal in ons ore, van Jesus, die ware lig wat besing word met lof.

1. Gemeente: Lied 367 - Ere aan God Orrel (en ander instrumente)

Skeur die eerste laag papier af... Maria toneel op die tweede laag

Wanneer God 'n engel stuur, moet jy weet dat Hy 'n belangrike boodskap het.
Hy het 'n engel gestuur na Maria, 'n jong vrou van Nasaret.

Die engel sê aan haar: "Vrede vir jou Maria, die Here is met jou!"
En Maria het gewonder wat hierdie nuus vir haar inhou.

Gabriël was die engel se naam en hy gee vir Maria die nuus:
"Ek is hier om vir jou te sê jy is die een wat God uitkies."

"Jy sal 'n seuntjie hê en Hy sal Koning wees.
God wat mens geword het, en Hy sal vir ewig heers."

"Hoe is dit moontlik?" vra Maria sy kan dit nie uitpluis.
"Die Heilige Gees sal die Seun vir jou gee. Vertrou op God, want Hy is wys."

Maria sê toe vir die engel: "Mag dit gebeur soos jy sê.
Mag God my gebruik net soos Hy wil, ek sal doen wat Hy wil hê."

2. Solo: Lied van Maria

Skeur laag twee af – prentjies van 'n noodtoestand op die derde laag (bv. slegte koerantopskrifte, ramptonele ens.)

Wat 'n voorbeeld was Maria in haar gehoorsaamheid gewees.

Ons moet op die Here vertrou en gelei word deur die Heilige Gees.

Mag dit so wees dat ons sal luister as U ons wil gebruik,
In die nood hier in ons wêreld iets bring van u Koninkryk.

3. Gemeente: Lied 345 - Kom alle getroues vv. 1+2 (Lofsanggroep)

Skeur laag drie af – prentjie was Josef met sy hande is sy hare op die vierde laag

Maria moes toe nou hierdie nuus aan Josef gaan breek,
Want 'n buite egtelike swangerskap is nie juis iets wat jy kan wegsteek.

Josef was baie ontsteld oor die nuus en hy wou 'n manier vind
om ver van Nasaret af te gaan want die Baba was nie sy kind.

'n Engel het ook na Josef gekom en gesê: “Jy moenie weggaan soos jy wou.
Haar baba kom van God af. Josef, jy moet steeds met Maria trou.”

Hy neem toe vir Maria as vrou en die kind as sy eie aan,
Hierdie gehoorsaamheid van Josef het gehelp om die weg vir die goeie
nuus te baan.

4. Koor: Loof, heel die skepping

*Skeur laag vier af – prentjise van 'n noodtoestand op laag vyf (bv. arm kinders,
hawelose mense, hongersnood ens.)*

Wat 'n voorbeeld was Josef in sy gehoorsaamheid gewees.
Ons moet op die Here vertrou en gelei word deur die Heilige Gees.

Mag dit so wees dat ons sal luister as U ons wil gebruik,
In die nood hier in ons wêreld iets bring van u Koninkryk.

5. Gemeente: Lied 332 - God se liefde, so oneindig vv. 1,2+4

Skeur laag vyf af – prentjie van die staltoneel op laag ses.

Toe haar Baba gebore moet word, gebeur iets wat niks goeds voorspel:
Die keiser het besluit hy wil al die mense in sy ryk laat tel.

Josef en Maria vertrek toe na Betlehem, Josef se geboorte plek
En na 'n lang reis was hulle by Betlehem se hek.

'n Stal waar die diere slaap, was die enigste slaapplek wat hulle kon kry.
Ten minste was hulle nie in die veld nie, en daarom het hulle besluit om daar
te bly.

6. Koor: Vonkk 283 - Kom buig in die stal Koor vv1+2, gemeente v 3

Skeur laag ses af – herders op die ope velde met die engele is op laag sewe.

Betlehem is doodstil in die donker nag.
Net die skaapwagters in die veld hou oor hulle skape wag.

Skielik brand iets helder teen die donker lug.
Dis God se engel uit die hemel wat die veld so verlig.

“Moenie vrees nie!” Sê die engel vir die skaapwagters wat daar staan.
“Ek bring vir julle goeie nuus waarna almal lankal al verlang.”

“Die Messias is gebore in die dorpie Betlehem.
Loof ons God die Allerhoogste, prys Hom, verhef jul stem!”

Skielik is daar 'n groot klomp engele, 'n hele groot leërskaer wat sing: “Eer aan God in die hemel, en vrede vir almal op aarde.”

“Kom ons gaan na Betlehem sodat ons die Messias kan sien!”
Sê die skaapwagters vir mekaar. “Wie is ons dat ons so 'n eer verdien!”

In Betlehem kry hulle vir Jesus wat in 'n krippe lê.
Dit alles is presies soos God eeue voorheen in sy Woord al sê.

7. Gemeente: Vonkk 209 – Gaan met blye boodskap (Orrel en ensemble)

Skeur laag sewe af – prentjie van 'n noodtoestand op laag ag (bv. natuur wat besoedeld is).

Wat 'n voorbeeld was die herders in hul gehoorsaamheid gewees
Ons moet op die Here vertrou en gelei word deur die Heilige Gees

Mag dit so wees dat ons sal luister as U ons wil gebruik
In die nood hier in ons wêreld iets bring van u Koninkryk

8. Koor: Vonkk 245 – Hoor die blye tyding

Skeur laag ag af – prentjie van sterrekykers op laag nege.

Sterrekykers uit die ooste het toe hulle van hierdie ding,
Op 'n lang reis vertrek na Herodus, die koning.

“Ons kom van baie ver af om aan die nuwe koning eer te bewys.
Kan u dalk vir ons sê waar gaan die nuwe koning tuis?”

Hierdie nuus maak Herodus ontsteld en hy wil meer daarvoor leer
Die Skrifgeleerdes verduidelik dat die nuwe koning die Messias is en na Hom
kom alle eer.

Herodus is somer vies, en hy maak gou-gou 'n plan:
“Ek wil ook die koning eer. Ek wil guns vra, as ek kan?”

“Op pad terug, kom sê vir my waar ek hierdie kindjie kan kry.”
Maar Herodus wil die Kindjie doodmaak: dis net 'n gejojokery!

Toe die wyse manne by Herodus weggaan volg hulle die ster om die baba
te kry.
En 'n engel sê in 'n droom hulle moet Herodus op pad terug liever moet
vermy.

Die wyse manne het van blydschap vir die Seuntjie geskenke gebring.
Hulle het dit vir Hom gegee, maar nooit teruggegaan na die koning.

9. Gemeente: Lied 376 - Wyses het u ster gesien (Lofsanggroep)

Skeur laag nege af – prentjie van 'n noodtoestand op laag tien (bv. oorbevolking, erosie ens.)

Wat 'n voorbeeld was die Sterrekykers in hul gehoorsaamheid gewees
Ons moet op die Here vertrou en gelei word deur die Heilige Gees

Mag dit so wees dat ons sal luister as U ons wil gebruik
In die nood hier in ons wêreld iets bring van u Koninkryk

Skeur laag tien af – geskenk val oop en daar is 'n kersboom aan die binne kant

En terwyl die geskenkpapier vergaan en die kerstiggies wegkwyn
Weerklink die verhaal steeds in ons ore, van Jesus, die ware lig wat altyd sal skyn.

Want vir baie kom Kersfees slegs een keer 'n jaar,
maar die boodskap van dié vreugdefees is elke dag waar. Amen

10. Gemeente: Lied 348 - Stille nag (met vol orkes) staande

Kinders kom hang hulle kersversierings aan die boom.

Gemeente verdaag. Kollekte word by die deure opgeneem.